
UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY

# KAMPUSNUUS

MAANDELIKSE PERSONEELBLAD | JAAR 19 # 6 • 07–09–2011 • YEAR 19 # 6 | MONTHLY STAFF NEWSLETTER



**NEWS**
Alumni Relations launches new branding
3



**NEWS**
Responsibility Centre explores Stellenbosch
4



**NUUS**
Regshulpkliniek se nuwe vleuel gee hoop
5



**RESEARCH**
HOPE Project: Research leads to development plan
6



**MENSE**
Prof Paul Cilliers se werk moet voortgaan
8

Kringtelevisie-stelsel

# Hoofkampus kry groter kameranetwerk

’N Volgende fase van die installering van die US se kameranetwerk is pas voltooi. Strategiese roetes op die hoofkampus en koshuise word reeds 24 uur per dag deur ’n netwerk van kameras gemonitor, en onlangs is kameras by koshuisingange ook in gebruik geneem.

Daarmee saam is die beligting op die hele kampus verbeter en word struike en plante deurlopend uitgedun om die moontlikheid van skuilplek en skadukolle tot ’n minimum te beperk en om die monitering van die kameras te verbeter.

Mnr Viljoen van der Walt, Direkteur: Risiko en Beskermingsdienste, sê die stelsel werk goed en verdere uitbreidings word reeds beplan.

Die USBD het ’n beheerkamer waar al die kameras op kampus 24 uur per dag gemonitor ord. Die netwerk bestaan uit statiese en beweegbare kameras, wat deur beamptes in die beheerkamer hanteer en gemonitor word.

Die straatkameranetwerk is drie jaar gelede in gebruik geneem toe 22 kameras regoor kampus geïnstalleer is. “Die jongste toevoeging, die kameras by koshuis se ingange, is die eerste fase van ’n projek om kameras by alle kampusgeboue se ingange te installeer. Uiteindelik gaan die netwerk uit meer as 100 kameras bestaan. Maar ’n mens moet onthou dat so ’n stelsel slegs ter ondersteuning van veiligheid en misdaadoplossing kan wees, en nie noodwendig misdade verhoed nie.”

Uiteindelik gaan die netwerk uit meer as 100 kameras bestaan.

Van der Walt het daarop gewys dat ’n beweegbare kamera nie gedurig op een punt gefokus word nie. “Die moniteringsbeampte beweeg die kamera om die hele omvang van die gebied te monitor. As iets dus buite die periferie gebeur, sal dit nie op film vasgevang word nie.”


Hy sê die USBD-beamptes het gespesialiseerde opleiding van ’n internasionaal erkende kameramoniteringskenner oor die gedrag van misdadigers ontvang. Dit help hulle om tussen ’n groep mense ’n verdagte persoon te kan uitken na gelang van daardie persoon se gedrag en liggaamstaal.

“Fasiliteitsbestuur het onlangs meer ligte op kampus aangebring sodat ons beter beelde snags kan opneem. Bome en struike is gesnoei om kameras ’n onbelemmerde uitsig te gee. Die Fasiliteitsbestuurspan het een nag regoor kampus geloop en gevind daar is ’n merkbare verbetering in beligting op kampus,” sê Van der Walt.

Die USBD werk tans aan ’n beleid en prosedure vir die opname en monitering van kringtelevisiebeelde. “Dit het ten doel om etiese kwessies aan te spreek rakende privaatheidskending en die uitsluitlike besigtiging van die beelde om misdade op te los.”

Van der Walt het gesê dit word ook in die vooruitsig gestel om deurlopend meer kameras op al die US se kampusse aan te bring soos wat die behoeftes vereis.

• **Lees ook binne:** US-beampte sterf in tref-en-trap-ongeluk



’n Lid van die USBD se span kameramoniteringsbeamptes hou die skerms in die beheerkamer fyn dop.



SU staff donned themselves in flashy wigs, sunglasses and costumes in support of Casual Day, held on Friday, 2 September. The yearly competition for the best dressed teams was also held in the Fismer Hall. Staff at the SU Art Museum had fun with their “Rugby Rock Stars” theme. Here are (from back left) Elvandré Galant, Sylvia Jojo, Rosaline Pietersen and Elwin September; and (front) Oleander Oakes, Lloyd Africa and Johannes Adams. More pictures on page 3.
Photo: Anton Jordaan

# *Top skenkers word vereer*

Die US het sy top skenkers vir hul bydrae tot die instelling se voortgesette uitnemendheid en relevansie vereer.

Die US Visekanselierstoekenning is verlede maand by twee afsonderlike geleenthede in Stellenbosch en Johannesburg aan 40 skenkers gemaak. Daarmee is erkenning gegee aan hul bydraes tot 31 Desember 2010.

Die Visekanselierstoekenning gaan aan individue wat kumulatief meer as R1 miljoen en instellings wat meer as R2 miljoen geskenk het, terwyl die Visekanselierstoekenning: Goud gaan aan individue of instellings wat die R5 miljoen kerf verbygesteek het.

Altesaam 23 skenkers het die Visekanselierstoekenning en ’n oorspronklike kunswerk deur Lucas Bambo ontvang.

Die ander 17 skenkers het die Visekanselierstoekenning: Goud ontvang, asook ’n oorspronklike kunswerk deur Christina Bryer.

Vanjaar was die eerste keer dat individue vir die Visekanselierstoekenning: Goud in aanmerking gekom het.


VICE-CHANCELLOR’S AWARDS
‘Thanks a million!’
HOPE Project captures donor’s attention

**BINNE:** **’n Spesiale bylae oor die Visekanselierstoekennings, met foto’s en stories oor die skenkers en hoe hulle bydra tot die US se werksaamhede. Sien ook die HOOP Projek-tydlyn.**

# Kampusklets oppie Rooiplein



## From the editor's desk

On 24 September, South Africans celebrate Heritage Day, a day on which we celebrate our cultural heritage and also the diversity in our country. This day used to be called Shaka Day, which was celebrated in KwaZulu-Natal, but with the dawn of democracy it became a public holiday which gives us the chance to reflect on where we come from.

**Heritage Day makes us reflect on who we are and where we are going to.**

But the thing about heritage is that it gives us a chance to look back into history, as well as forward into the future. It has to do with that old saying that you need to know where you come from before you can know where you want to go. And Heritage Day makes us reflect on who we are and where we are going to – even if it is in a casual chat while having a braai, because remember, it's also National Braai Day…

As a university we also need to reflect on our history and what it says about our future. And this month, *Kampusnuus* reports on what is happening on campus that sets the pace for the future. A lot is happening – sometimes small changes – that steer the University towards a greater future.

Among these stories about our future are the rock-dating facility and the Antarctica Legacy Project in which the Faculty of Science is involved. The Faculty of Health Sciences has also opened its new Centre for Evidence-Based Health Care, and a research project at SU that has directly resulted in a development action-plan for a poor community shows the HOPE Project in action.

Enjoy this issue of *Kampusnuus*, and write to us, or comment on the SU Facebook page and on Twitter.

Wayne

## Inboks

Briewe aan *Kampusnuus* is welkom. Stuur 'n kort brief na kampusnuus@sun.ac.za, faks 021 808 3800 of lewer af by Admin B. 'n Skuilnaam kan gebruik word, mits jou naam en e-pos/fisiese adres (nie vir publikasie nie) verskaf word. *Kampusnuus* behou hom die reg voor om briewe te verkort en te redigeer.

### JS Gericke Biblioteek is 'vuil vlagskip'

Soms wil 'n mens 'n klip in die bos gooi om te sien wat uitspring. Ander kere wil jy net iets fluister, sodat jy sonder dat jy gehoor word, gehoor word. Vandag se briefie is so 'n fluistering, want dit is te 'n groot verleentheid om oor sindelikheid te praat. (Sou jonger mense nog dié outydse woord ken?)

Anderdag stap ek op die onderste vlak van die JS Gericke Biblioteek – 'n/die vlagskip van die Universiteit – na die toilette. In daardie omgewing is daar kolle op die mat wat in grootte wissel van so 20, 30 tot 75cm in deursnit. Iets moes daar gestort gewees het, maar hoekom op soveel verskillende plekke ver uitmekaar? Die deur na die manstoilette word (permanent?) met 'n swart vullisdrom oopgehou. ('n Jaar gelede, of hoe lank al, het daardie drom ook as deurstop gedien.)

En die toilette self? Nou ja, op 'n Saterdag is daar seker nie vir die sewe uur wat die biblioteek oop is een skoonmaker aan diens nie. Die US kan dit seker nie bekostig nie.

Nou vra jy jouself af: kom die owerhede, die manne met die pakke en die dasse, nooit dáár nie? En as hulle daar kom, is daar niks wat hinder en om aandag vra nie? En kom oorsese akademici soms in daardie omgewing?

**– Lojalis**

### Parkering ook tameletjie vir besoekers aan US

Dit verbaas my dat daar nog nie werklik 'n oplossing gekom het vir die tekort aan parkering op kampus nie, na aanleiding van die rubriek in die Augustus-uitgawe van *Kampusnuus*.

Ek besef dit is 'n erge probleem vir US-personeel en ek ervaar dit ook gereeld dat ek ver moet parkeer en lang ente moet stap om by my werkplek uit te kom. Maar dalk selfs belangriker is dat dit net so 'n groot probleem is vir besoekers aan die kampus.

Ouers en voornemende studente besoek die kampus gereeld, maar daar is in werklikheid geen parkering op hierdie kampus vir hulle nie. Ja, die Neelsie se parkeerarea en dié in die dorp is daar, maar as jy nie die dorp ken nie, is dit maar 'n probleem om so ver te stap en boonop administrasiegeboue te soek.

Dis tyd dat die US en die dorpsbestuur saamkom en die parkeerprobleme oplos.

**– Kwaatjie**

## Kuberpraatjies

*Lewer kommentaar op die US Facebook-blad by www.facebook.com/stellenboschuniversity, of volg ons op Twitter (stellenboschuni).*

Thanks Stellenbosch University for the wonderful people you have allowed me to meet and thanks to my Metanoia Residence family, you guys are beyond Awesome... **– Gordon Mokgoroane**

(Oor 'n onderhoud met Prof Mohammad Karaan in *Die Burger*) Dit is een man wat 'n inspirasie in my loop hier by die universiteit is **– Leonard Adams**

Why during a public holiday the internet rates are the same as during the weekend? After all we should pay like a sunday or at least a saturday! **– Sanchez-garrido Cynthia**

Too much crime on stellenbosch campus. Time to arm ourselves? Clearly the uni isn't doing much **– HermannLuyt**

(On SR elections) Fire the staff writer who does the posters! **– coetdb**



## Klip innie bosch

Alec Basson

# Gee eerder álle mag aan vroue

Noudat ons Vrouedag gevier het en Augustus as Vrouemaand bekend staan, wonder 'n mens of die tyd nie aangebreek het om alle mag aan vroue te oorhandig nie? Ja, u lees reg, álle mag – vroue as leiers in elke denkbare posisie.

Hoe nou? hoor ek sommige mans vra. 'n Vrou wat voor vat, leiding neem, die rigting aanwys? Dit is totale gekheid, sou party sê. Want sê die Bybel dan nie die vrou is uit die man se rib gemaak nie? Dit is tog logies dat die man in beheer moet wees.

Aikona! Wat maak mans kwansuis so spesiaal? Nie eintlik veel nie; as 'n mens nou eerlik moet wees. Is mans regtig sterker, slimmer en meer gesofistikeerd as vroue? Hoewel baie mans dit glo, word die teendeel elke dag bewys. Die voorbeelde is legio.

Voordat ek gestenig word, wil ek darem net noem dat ek nie eensklaps alle verskille tussen mans en vroue wil ophef nie. Dit sou immers dwaas wees. Tog wil ek net 'n lansie breek vir vroue. Om kinders groot te maak, te werk en nog huis te hou, wil gedoen wees. Laat staan nog geboorte skenk. Ek kan nie anders as om my hoed vir vroue te lig nie.

**Sal die wêreld nie 'n beter plek wees met vroue as die fakkeldraers nie? Dink net: sekerlik minder oorloë, 'n skoner omgewing, beter organisering...**

Selfs hier by die US is daar vroue wat *rock*. Studente, dosente, navorsers en sportlui woeker. Van ons vroue styg nasionaal en internasionaal uit op hul onderskeie gebiede. Toekennings aan US-vroue stroom in. Ons direkteur van sport is 'n vrou, so ook die hoof van personeel-welwees. Aan die stuur van die JS Gericke Biblioteek staan 'n vrou, en selfs een van ons viserektore is 'n vrou.

Ons sien dit ook buite in ons gemeenskappe. Vroue neem al hoe meer die leiding en presteer op allerlei gebiede. Daar is nie 'n sfeer van die samelewing waar 'n vrou nie sterk leiding neem nie, al moet sy nog steeds dikwels in 'n man se skaduwee haar kant bring. Dalk is dit nou regtig tyd om sommer vir ewig en altyd daardie skeidings van kant te maak.

Wie weet, dalk word 'n vrou in die nabye toekoms rektor en visekanselier van die US. Vroue – van skoonmakers tot die viserektor – se bydrae by die US en die breër gemeenskap is amper te veel om op te noem. Al wat ek hierop kan sê is: Hou hierdie vroue dop!

Sal die wêreld nie 'n beter plek wees met vroue as die fakkeldraers nie? Dink net: sekerlik minder oorloë, 'n skoner omgewing, beter organisering en, baie belangrik, alles word onmiddellik gedoen – nie môre of oormôre nie; nóú.

En les bes sal die wêreld se geldsake ook in goeie hande wees, al sou 'n paar dalk hunker na daardie paar skoene of 'n ontwerperspakkie. Mans het die wêreldekonomie in elk geval in 'n resessie gedompel en daar is reeds sprake dat nog een aan die kom is. Dalk is dit goed dat 'n vrou die nuwe hoof van die Internasionale Monetêre Fonds is. Sy moet darem weet hoe om met geld te werk anders sou sy nie tot dusver hond haaraf kon maak nie.

So liewe leser, daar het u dit nou. Vroue wat vir langer as 'n dag of 'n maand die leisels oorneem, is dalk nie so 'n vergesogte idee nie.

## Regstelling:

In die berig "Professore lewe intreeredes" in verlede maand se uitgawe van *Kampusnuus* is verkeerdelik berig dat Prof Kennedy Dzama van die Departemand Dierkunde in die Fakulteit Agriwetenskappe is. Hy is eintlik verbonde aan die Department Veekundige Wetenskappe in daardie fakulteit.

Menings in *Kampusnuus* is dié van die betrokke individue en nie noodwendig die standpunt van die redaksie of die Universiteit Stellenbosch nie.

Opinions expressed in *Kampusnuus* are those of the individuals concerned and not the view of the editorial team or Stellenbosch University.

Alumni Relations

# New crest launched

This month, Alumni Relations launches its new crest, which will "elevate the brand and create enthusiasm and a sense of pride in SU".

The new branding incorporates the official SU crest, and, says Ms Bev Witten, Director: Alumni Relations, it links directly to the University and is therefore representative of all alumni.

According to Witten the new crest is also a symbol of the division's new strategy to cultivate better relationships with alumni and getting them more involved in SU's activities.

"We wanted to elevate the brand and give it a more sophisticated look. The new crest had to represent all alumni at all levels, increase loyalty and a feeling of nostalgia. They should feel proud of the institution they graduated from. We also want to establish a feeling of community among alumni," she says.

Witten felt that the previous branding, MatiesAlumni, was not inclusive as it was tied with only sports and societies.

Alumni Relations has also started putting their new 5-point strategic framework into action, which are cultivation and engagement, communication, volunteer management, early student engagement and alumni-giving.

"These strategies include initiatives geared towards alumni in order to raise enthusiasm for and interest in supporting their alma mater so that SU can remain a relevant, competitive institution that continues to build its knowledge and research," Witten says.

Cultivation and engagement involves establishing, building and maintaining positive relationships, internally and externally.

"The past year we've had 35 alumni events in different locations around the world, more than double than that in previous years. It is all about connecting with our alumni and building relationships."

Through communication, Alumni Relations wants to create a hub and interest groups among alumni on all platforms, including the social media.

"We also want alumni to contribute not only financially, but also through their talent and skills, thereby creating a peer-to-peer connection and a body of ambassadors for SU who will illuminate the work of the University and its impact in the field of higher education," explains Witten their strategy of volunteer management.

Early student engagement is the fourth leg of the strategy, which aims to involve students in alumni activities and interactions so that they would stay connected to SU after graduating. "Research has shown that if you do not connect with alumni within the first five years after graduation, you've lost them."

With alumni-giving the division wants to increase participation in annual giving to SU. "We also want to create a culture of giving amongst current students by inviting them to join the Class Gift programme. It gives them an understanding that their collective contribution can make a difference," Witten adds.



Ms Bev Witten, Director: Alumni Relations



Die jaarlikse US Loslitdagkompetisie is op Vrydag 2 September in die Fismersaal gehou. Die span van die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling (foto links) het met die louere weggestap met hul kleurvolle uitrustings – en selfs Elvis Presley het saam met hulle opgetree.

Foto's: Anton Jordaan



Links: Menslike Hulpbronne se "rock-groep" met hul helderkleurige pruike het die tweede prys gewen.






Bo: Die derde prys van die jaarlikse Loslitdagkompetisie het gegaan aan die *band* van die JS Gericke-biblioteek.

Links: Personeel van die Voertuigpoel het hulle uitgedos in rock-kostuums ter ondersteuning van Loslitdag, wat op Vrydag 2 September gehou is.

# *Sangdosent wen gesogte ATKV-kompetisie*



Die sopraan Vanessa Tait-Jones (foto), 'n deeltydse sangdosent in die Departement Musiek aan die US, het R25 000 gekry as algehele wenner van ATKV-Muziqanto, 'n nuwe landwye klassiekesang-kompetisie.

Sy het BMus, HonsBMus en MMus alles met lof aan die US behaal en is sedert 1998 steeds 'n sangstudent van Magdalena Oosthuizen aan die Konservatorium.

'n Matie-tweedejaarstudent, Leah Gunter, nog 'n sangstudent van Oosthuizen, was ook onder die agt finaliste wat tot die laaste aand van die kompetisie deurgedring het.

Suid-Afrikaanse sangers tussen die ouderdomme 15 en 32 jaar kon aan Muziqanto deelneem. Ná uitdunrondes in Mei het 18 sangers in 'n strawwe kompetisie verlede maand in Port Elizabeth in die halfeind- en eindrondes oor twee aande meegeding. Muziqanto is ingestel naas ATKV Muziq, 'n instrumentale klassiekemusiek-kompetisie.

Tait-Jones gee ook deeltyds sang by die Hugo Lambrechts Musieksentrum in Parow, en bied by die Tygerberg Hospitaal (saam met 'n oor-, neus- en keelspesialis, dr Rory Attwood, asook 'n spraakterapeut) deeltyds sangstemrehabilitasie aan vir sangers met stemprobleme – werk wat voortspruit uit haar honneurs- en meestersnavorsing.

Sy tree gereeld in oratoriums en ander uitvoerings op en was onder meer vroeër vanjaar die sopraansolis in aanbiedings van Schoenberg se *Pierrot Lunaire* in Stellenbosch en Kaapstad.

Op 10 September is sy die gaskunstenaar in die Muziq-kompetisie se eindronde in Bloemfontein.

# NRF honours SU academics

Three top SU academics were recently honoured by the National Research Foundation (NRF) for their research excellence.

Prof Yusef Waghid, Dean of the Faculty of Education and Professor of Philosophy of Education has been honoured with the NRF Special Recognition Award for "Champion of Research Capacity Development at South African Higher Education Institutions" for 2011.

This award recognises an individual's efforts in helping nurture the next generation of talented researchers.

Waghid is an elected member (fellow) of the Academy of Science of South Africa (ASSAf), executive member of the International Network of Philosophers of Education (INPE), and Editor-in-Chief of the South African Journal of Higher Education. His current research focuses on philosophy of education, democratic citizenship education, cosmopolitanism and higher education transformations.

Dr Cang Hui and Dr John Terblanche have both been awarded P-ratings, which is given on the basis of exceptional potential demonstrated in their published doctoral work and/or their research outputs.

Cang studied applied mathematics at Xi'an Jiaotong University and obtained his PhD in mathematical ecology in 2004 before joining SU later that same year to do his post-doctoral research on spatial pattern analysis.

In 2008 he joined the DST/NRF Centre of Excellence for Invasion Biology as a full-time researcher.


He has published more than 60 peer-reviewed papers in 25 journals as well as four book chapters in the field of ecology and applied mathematics.

Terblanche obtained a PhD in Zoology from SU. His work has provided the foundation for a variety of applications in the control of agricultural pests and pest-borne diseases. He also worked on the Tsetse Fly Project and the Antarctic invertebrate survey.

He serves as a scientific advisor to the SA Department of Agriculture's Genetically Modified Organisms Committee and has initiated a number of projects with industry partners such as Citrus Research International and the SA Sugar Research Institute.



Prof Yusuf Waghid



Dr Cang Hui



Dr John Terblanche

‘Tourists’ in Stellenbosch

# Responsibility Centre explores town’s history

On Friday morning, 5 August, the managers at the Responsibility Centre (RC) of the Vice-Rector: Community Interaction and Personnel, Prof Julian Smith, took to the road on a special trip that renewed their ties as a unit and served as a reminder to them of the broader context within which they undertake their tasks at Stellenbosch University (SU).

“This initiative is a fourth in the series of giving RC management exposure to a variety of contexts,” says Smith.

The most recent trip was conceptualised by Dr Jerome Slamat, Senior Director: Community Interaction, and organised by Jacob du Plessis, Manager: Projects, also of Community Interaction. “The idea was to expose our colleagues to different Stellenbosch contexts where they would meet people who would tell them about ‘their Stellenbosch’,” says Slamat.

> There’s so much about Stellenbosch’s history that we’re not aware of.

**The trip started at the Old Lückhoff School in Banhoek Road**, where the group met Mr John Abels, a former bookbinder at both SU and UWC.

Abels was a pupil at Lückhoff and regaled his visitors with tales of the school’s colourful history, and of the relationship between SU and the local coloured community. He also proudly guided the group through the permanent photo exhibition housed in the building.

“Mr Abels can take you back in time and give Old Lückhoff a voice again. It’s so enriching to be a tourist in your own work environment,” said Monica du Toit.

**The “tourists” then moved on to Idas Valley**, a neighbourhood with its origins in the 1920s. Here they met up with Mr Otto van Noie, a former teacher. He told of the beginnings of Idas Valley, talked about the most important social, political and economic indicators of the area, and was passionate about the potential of Idas Valley. Stops along the route were the “Red House” in Kahler Street, the Arts Barber Shop and Botmashoogte, the new SU residence.

Jackie Wiese, Director of Maties Sport, said, “There’s so much about Stellenbosch’s history that we are not aware of. Visits of this nature create the opportunity for greater understanding and insight for all our residents.”



Dr Lydia de Waal (left) and Ms Annemarie Ferus and Ms Jenna Moses, both from Stellenbosch 360, with children at Pebbles Preschool on the farm Villieria.

**And then on to Kayamandi**, established as an area for black people after a decision by the municipality in 1936.

The group met Bonez (Anga Bonongo) and Nompie (Nompiliso Katangana), development workers at Prochorus, a community-based organisation promoting social development in Kayamandi. Bonez and Nompie led a walk through the streets, during which they introduced the group to a computer class for adults and a crèche run by Prochorus at various points in Kayamandi. Lunch was served at Silusapho Homestay.

**The last stop was the Pebbles Project on the farm Villiera**, just outside Stellenbosch. Pebbles provides a preschool service to the children of farm workers from various farms.

The driving force behind Pebbles is Sophia Warner, a teacher for children with special needs who emigrated from the UK to South Africa six years ago.

She talked about the different initiatives of Pebbles and the important role of SU volunteers and service-learning students in the project. She also took the group to one of the Pebbles crèches.

The group returned to campus at the end of the day, unanimous in their praise of their special, outstanding experience.

“The excursion was so valuable and most informative, especially because it took place in and around our own town this time. We were very privileged to be introduced to people, activities and areas as well as points of view about the history of our town that, in the normal course of things, are often hidden away. These new insights and opportunities can only be to the benefit of the University,” Smith said.

– Joanne Williams

---




ESKOM EKSPO – Me Marietta van den Worm, fakulteitsbestuurder van die Fakulteit Natuurwetenskappe en hoofbeoordelaar by vanjaar se Stellenbosse streeksuitdunne van die Eskom Ekspo vir Jong Wetenskaplikes, deel ’n ligte oomblik tydens die beoordelingsproses met leerders van Nieuwoudtville Primêre Skool. Die Ekspo word jaarliks deur die US se Instituut vir Wiskunde en Wetenskap Onderwys (IWWOUS) in die Fakulteit Opvoedkunde gereël in samewerking met die Fakulteit Natuurwetenskappe. Personeel van die US, deelnemende skole, Eskom en die privaatsektor het die bykans 250 projekte van 35 skole in die Boland, Weskus, Overberg en Suid-Kaap beoordeel.

Foto: Engela Duvenage

# *New Centre for Evidence-Based Health Care launched at Tygerberg*

“Evidence-Based Health Care offers a transparent and rigorous approach to making health-care decisions. In the context of the quadruple burden of disease and limited resources, there is increased recognition of the importance of making decisions informed by the best available evidence,” said Mr Theuns Botha, Western Cape Minister of Health at the launch of the Centre for Evidence-Based Health Care (CEBHC) at the Faculty of Health Sciences on 22 August 2011.

The Centre, the first of its kind in South Africa, will build capacity in EBHC, conduct relevant research, and will be active in promoting the use of best evidence in health-care policy and practice. This is achieved by producing reliable evidence assessments based on assessing and interpreting results from systematic reviews on specific questions, communicating the evidence and promoting its use by a variety of stakeholders, including the general public, the media, health professionals and policy makers.

Botha said the increasing demand for reliable evidence by policy-makers and clinicians favours a climate in which the CEBHC can grow. He expressed his hope that the CEBHC will assist the government, non-governmental organisations and the private sector to make use of the best evidence in health-care policy and practice.

Prof Russel Botman, SU Rector, said the approach of evidence-based health-care teaches doctors and other health-care providers how to separate good research from poor quality research and in doing so make informed decisions on treatment.

“This approach fits in with how the University sees its role, and that of science, in society. Research at SU is guided by two notions – excellence and relevance. SU’s scientists and academics have consistently excelled at producing useful research and technology. They have proven to be true experts – not only at generating and transferring knowledge, but also at applying it to the benefit of needy communities,” Botman said.

Prof Jimmy Volmink, Dean of the Faculty, said the research at the CEBHC will focus on conducting high quality systematic reviews, researching the barriers to and facilitators of the uptake of best evidence in health-care policy and practice, and testing strategies aimed at enhancing evidence-based decision-making.

“At the same time, our academics will enhance, teach and promote evidence-based health care at undergraduate and postgraduate levels. We are very proud of our record of combining global excellence and local relevance in the quest to improve the health of our nation and the continent.

“It has been widely recognised that Africa needs better health systems, but strengthening health systems must involve the necessary research to inform the targeting of resources and optimise service delivery,” Volmink said.

The CEHBC works with national, regional and international collaborators including the Effective Health Care Research Consortium and the International Cochrane Collaboration. Dr Taryn Young has been appointed as the Director of the CEBHC.

– Mandi Barnard

# Nuwe vleuel gee hoop

Met die opening van sy nuwe vleuel is die US se Regshulpkliniek nou gerat om van volgende jaar ’n selfs groter en beter diens aan gemeenskappe in en om Stellenbosch en op die platteland te bied.

Verlede maand het die Regshulpkliniek, geleë in Banhoekweg, ’n nuwe vleuel met vier nuwe kantore en ’n seminaarkamer geopen. Dit stel die Regshulpkliniek in staat om dubbel soveel studente te kan akkommodeer wat praktiese vaardighede in ’n regspraktyk wil opdoen. ’n Nuwe sentrum met 14 rekenaars is ook ingerig vir gebruik deur studente-konsultante wanneer hulle korrespondensie namens kliënte en pleitstukke vir die hof moet opstel.

Die Regshulpkliniek, wat deel vorm van die US se HOOP Projek, het op 1 Julie 1988 sy deur geopen te Crozierstraat 20, met mev Lutricia Roos as die eerste direkteur, waarna prof Ettienne le Roux in 1990 as direkteur oorgeneem het. In 1995 het die Kliniek verskuif na sy huidige tuiste, die ou Lückhoff Skool in Banhoekweg.

Mnr Kruger van der Walt, huidige Direkteur van die Regshulpkliniek, vertel die Kliniek het oor die jare uitgebrei: “In Januarie 1999 was die Kliniek se begroting vir die jaar R162 820, en was ek en ’n sekretaresse al personeel. Twintig finalejaar- LLB-studente het op vrywillige grondslag elk twee uur per week by die Kliniek kom werk en met kliënte gekonsulteer.”

Tans is die Kliniek se begroting R3,2 miljoen, en daar is 23 personeellede, met 32 studente wat praktiese ervaring daar kry.

Die Regshulpkliniek werk hoofsaaklik met sake oor uitsettings op plase, arbeidsgeskille, gesinsgeweld, egskeidings, skuldverligting en motorbotsings. Jaarliks word met sowat 4 000 kliënte gekonsulteer. Gratis regsdienste – insluitend regsadvies en hofverteenwoordiging – word aan behoeftiges verskaf, veral aan dié uit voorheen benadeelde gemeenskappe. In die proses word finalejaar-regstudente en kandidaatprokureurs opgelei.

Seminare en werkwinkels word ook aangebied vir die polisie, gemeenskapsleiers, munisipale amptenare, en in Julie is juis ’n seminaar oor die werking en toepassing van die nuwe Kinderwet aangebied.

Met die nuwe vleuel sal die Regshulpkliniek van volgende jaar plek hê vir 64 studente, wat beteken die Kliniek sal selfs meer sake kan hanteer.





Bo: Die voltooide nuwe vleuel van die Regshulpkliniek. Regs: Werkers grawe die fondasie vir die nuwe vleuel.

“Die Regshulpkliniek se voortbestaan is noodsaaklik, sodat ons hoop kan gee aan die minderbevoorregtes in ons omgewing deur funksionele, professionele gemeenskapsdiens,” sê Van der Walt.

Centre of Excellence for Invasion Biology

# Thumbs up for SA’s Antarctic history project



Ms Dora Scott (middle), a researcher at the CIB, shows Dr Andrew Kaniki, Executive Director: Knowledge, Management & Strategy at the NRF, and Dr Cornelia Luedecke, Chair of the international SCAR History Action Group, the ropes in using the electronic database.

Photo: Engela Duvenage

Although still in its early stages, the Antarctic Legacy Project, of which SU is part, has received the green light from international polar scholars.

The online databases being built as part of the project were showcased to researchers from ten countries who attended the 7th International Scientific Committee for Antarctic Research (SCAR) History Action Group workshop at SU. Once completed, researchers will have easy access to databases containing more than 100 000 pages of historical records, photographs and poignant stories about South Africa’s presence in the Southern Ocean and the Antarctic region over the past six decades.

The Antarctic Legacy Project is run in association with the DST-NRF Centre of Excellence for Invasion Biology (CIB) based at SU, and the Department of Historical Studies and Animal Demography Unit at UCT. It is funded by the Department of Science and Technology through the National Research Foundation (NRF).

“This tool for polar historians and scholars from various disciplines will not only help to investigate South Africa’s Antarctic research efforts, but will also ensure that work will be done on topics,” Dr Cornelia Luedecke, Chair of the international SCAR History Committee, said.

South Africa, through SANAP, is the only African country with involvement in the Antarctic region, and manages research bases on Antarctica, Gough Island and Marion Island.

**South Africa, through SANAP, is the only African country with involvement in the Antarctic region.**

“The current funding investment has been made to stimulate and develop research in the fields of social science, law and humanities within the context of the South African National Antarctic Programme, or SANAP,” said Ms Candice Steele, Programme Director: Knowledge Fields Development at the NRF.

The bulk of the project will be completed by 2013, after which further funding will hopefully ensure the ongoing updating of the databases. They will include more than 100 000 historical records such as maps, drawings, photographs, slides, diaries and oral history interviews.

UCT researchers have thus far digitised more than 70 000 pages of relevant public records from the South African National Archives.


On their part, the CIB team is busy collating the private records and stories of South African scientists, artisans, engineers and mariners who have been involved in the annual resupply and scientific research efforts. This database will contain an estimated 30 000 photographs, documents and other materials.

“People who have worked in the region are more than willing to share the photographs and memories of their experiences with us,” says social scientist and CIB researcher Ms Dora Scott of the support for the project.

– Engela Duvenage

## Nuusflitse

### USBD-beampte sterf tragies



Mnr Geldenhuys

’n USBD-patrolliebeampte, Mnr Quinten Geldenhuys (23), is op Vrydag 2 September op slag dood in ’n tref-en-trap-ongeluk in Kuilsrivier.

Mnr Viljoen van der Walt, Direkteur: Risiko en Beskermingsdienste, het gesê Geldenhuys is om 18:00 per trein huis toe nadat hy dagskof gewerk het.

Hy het in Kuilsrivier aangekom en is ongeveer ’n straatblok van sy ouerhuis deur ’n motor raakgery. Die bestuurder is ’n ent verder deur lede van die publiek tot stilstand gedwing en is aangekeer op ’n aanklag van roekelose bestuur en vermoedelik ook dronkbestuur.

Geldenhuys en sy broer, Claud Manley, is albei in 2009 as patrolliebeamptes by die USBD aangestel. “Claud het toevallig op die toneel afgekom. Quinten se skofleier, Paul Elias, bygestaan deur skofleier Harry Siebritz en kollega Gideon Lekeur het Claud op die toneel bygestaan,” het Van der Walt gesê. Geldenhuys was nie getroud nie, en laat benewens Manley sy ma, suster en ’n skoonsuster agter.

### Lecture series continues

The next Locations and Locutions Lecture, presented by the Graduate School in the Faculty of Arts and Social Sciences, will be held on 13 September in the Conserve. The overarching theme for this year’s series is “Which Africa, Whose Africa?”.

The panelists include Prof Uma Dhupelia-Mesthrie from the History Department at UWC, Prof Isabel Hofmeyr from the African Languages Department at Wits and a STIAS fellow, and Dr Yvette Christiansë from Africana Studies and English at Barnard College, New York. Visit www.sun.ac.za/lectureseries.

### Gesondheidswetenskappe spog met jongste navorsing

Die Fakulteit Gesondheidswetenskappe se Akademiese Jaardag wat jaarliks in Augustus aangebied word, spog vanjaar met verskeie eerstes. Hierdie program, wat dien as toonvenster vir die jongste navorsing deur studente en navorsers in gesondheidswetenskappe en verwante navorsingsvelde, het vanjaar ’n rekordgetal van 318 voorlesings en plakkaataanbieding ingesluit. Die gasspreker was vanjaar vir die eerste keer ’n vrou, prof Valerie Corfield, wat ’n lesing met die onderwerp “The Science Communication Scene in South Africa: What’s happening and who really cares?” aangebied het.

HOPE in action

# SU research leads to development plan



Research in action: Youth participants in the Railton Community Assessment workshop with facilitators, Fiona Filander and Grant Demas, in the foreground.

So often research just ends up on a shelf in a library, but a recent survey done in the town of Swellendam proved that research can be turned into action to develop communities.

The Railton Community Assessment Project (CAP) has produced results that were used to create an action-plan for community development, which will be implemented in the next year. Railton is a historically coloured community in Swellendam, and the action-plan is a direct result of a SU research project.

"With this project we connected research with action, rather than letting the findings end up on a shelf. It aims to build the strengths and resources of the community, which includes the structures, people, the natural environment, education and the inhabitants' talents," said Prof Tony Naidoo at the launch of this action plan in Swellendam at the end of July. Naidoo and Prof Sandy Lazarus led the research team.

Prof Russel Botman, SU Rector, said at the event this is proof of how the University's HOPE Project uses research to make a real difference in poor communities. Through HOPE initiatives like the Frederik Van Zyl Slabbert (FVZS) Institute for Student Leadership Development, SU will support development in Railton.

The Railton CAP began in 2009 as a joint undertaking by the Railton Foundation in the Netherlands (an organisation dedicated to the development of Railton) and SU to ascertain the needs and resources in the community and make recommendations for future development. The research was completed in November 2010. The team used a community-based participatory approach, in which workshops, questionnaires and interviews were used as method. In total 297 people from Railton shared their views about the community's needs and assets.

These needs included, amongst others, food security, youth development, cultural activities and job opportunities. Among their assets were infrastructure, health services, the natural environment and human talent. The respondents were asked about priority areas for community action, and they listed education, skills and youth development, housing and food security as some of their priorities.

These findings then shaped the researchers' recommendations. Lazarus explained: "The recommendations link directly to the research. It is necessary for schools in Railton to work together. The talent of the youth should be nurtured, and, with the help of government structures, the infrastructure of the neighbourhood must be supported."

Ms Ilze Olivier, who steers the Railton Community Action Plan (RAICAP) along with Mr Herman Smit, said there are nine areas on which they will focus in the first twelve months. These are skills development and vocational training, sport, youth development, entertainment and relaxation, job creation and economic growth, social development, agriculture, safety and security, and tourism. Some of the outcomes will be the establishment of a sports and youth forum, the development of an annual district entertainment calendar, a soup kitchen, and building a place of safety.

The organisations that will help with the implementation of the projects, include Journey Trails (youth development through exposing young people to the natural environment), SCORE South Africa (sport as means of youth development), Friends of Railton (a support organisation consisting of professionals who grew up in Railton), as well as SU's FVZS Institute.

Naidoo and Lazarus said: "This is an excellent example of community-based participatory research, which has fully activated the principle of 'action-research', which emphasises the need for research to inform and facilitate action in the community."



CAF director Prof Gary Stevens and Prof Dirk Frei celebrate the new addition to the rock-dating arsenal of Stellenbosch University.

Foto: Engela Duvenage

# *SU takes lead in rock dating in Africa*

World-class additions to the rock-dating facility at SU now makes it easier and more cost-effective for South African geologists in academia and industry to find answers about the tectonic evolution and age of the African continent.

This is thanks to a new Thermo Element 2 HR-SF-ICP-MS, which has been installed as part of the Inductively Coupled Plasma Mass Spectroscopy Laboratory (ICP-MS) of the Central Analytical Facility (CAF). It was funded by the SU Strategic Fund and ALE Committee, and unveiled in the Department of Earth Sciences at an event sponsored by Thermo Scientific.

It is the only one of its kind in use for highly-precise and accurate geochronology in Africa, and one of only a handful of similar ones around the world that are used to perform geochronological research in the academic sphere.

Geochronology is used to determine the absolute ages of the crystallisation of magmatic rocks such as granites, the formation of mountain belts such as the Alps, and the formation of mineral deposits such as diamond-bearing kimberlites.

The ICP-MS Facility is headed by Prof Dirk Frei, who recently joined SU from the Geological Survey of Denmark and Greenland. He is very impressed by the speed at which the new equipment can scan samples, and its "incredible sensitivity" to provide very accurate measurements of the samples being investigated.

Up to 600 age determinations can be made per day, each taking less than a minute. This is done in an automated fashion, with each age determined from a drill hole only 15-20 thousandths of millimetres wide and less than 10 thousandths of a millimetre deep.

The new equipment extends the SU's ability to geochronologically date minerals such as zircon, apatite and monazite at high spatial resolution on a commercial scale.

At the recent launch function, CAF director Prof Gary Stevens credited Prof Ian Buick of the SU Department of Earth Sciences and former CAF analyst Dr Chris Lana for their initial work in getting the rock-dating facility off the ground in 2010.

– ENGELA DUVENAGE

# ADVERTENSIES / CLASSIFIEDS


**TE KOOP / FOR SALE**

**Pool Pump:** Brand new pool pump for 30 000 litre pool for sale: R1 000. Call 082 979 4667.

**Swellendam** – Gesogde Aftree-oord: Ruim 2 slaapkamer eenheid met studeerkamer/3de slaapkamer, 1 badkamer, ruim kombuis en enkel motorhuis. Toegeboude stoep wat uitkyk oor prentjie mooi Langeberge. Grootte 139 m². Eenheid nuut uitgeverf en opgeknap. Ideale aftree-geleentheid. Gereed om in te trek. Geprys om te verkoop @ R930 000. Skakel vandag! Mariette 082 258 1725.

**ACCOMODATION WANTED / VERBLYF GESOEK**

**TE HUUR / TO LET**

**To let:** Brand new garden cottage in tranquil Penhill. 1 Bedroom, kitchen/lounge, separate shower and WC, large living area. Secure parking. Small well-maintained garden. Separate entrance. Penhill is plus minus 15 km from Stellenbosch. R4000pm, please call Klasi at 082 453 7325.

**To let:** Newly renovated private cottage with north-facing covered stoep amongst vineyards on farm 10kms from Stellenbosch on Polkadraai Road. 2 en-suite bedrooms, glasstop hob & oven, ADSL, DStv arrangement, wooden floors. R7 000 pm. Contact: nst@adept.co.za Mobile 079 882 0404

**VERBLYF / ACCOMMODATION**

**Verblyf Stellenbosch:** Selfsorg-akkommodasie in Jonkershoekweg. Maks. 3 persone, R130-00 p.p.p.dag. Heerlik, gesellig, privaat. www.121jonkershoekroad.co.za. Kontak 021 883 3104, rdk@sun.ac.za

**VERBLYF**: Egpaar soek huis / woonstel om op te pas vanaf 1 Januarie 2012 tot 20 Januarie 2012. Skakel 021-808 3461 / 082 7686 037 - Celia Joubert

*Bluebells Selfsorgverblyf, Greyton*

Bluebells is slegs 'n hanetreetjie van Greyton se middedorp met al die koffiewinkels en toprestaurante, hoekies met snuisterye en kunswerke. Die huis het drie slaapkamers (hoofslaapkamer en-suite), kan tot ses gaste akkommodeer en is ten volle toegerus.

Kontak Marike by 084 941 2678 of marikevdw@ovi.com of besoek ons by www.where2stay-southafrica.com/Accommodation/Greyton/Bluebells

**SAAMRYKLUB / LIFT CLUBS**

**Southern Suburbs to Stellenbosch:** Lift urgently needed. Working hours fairly flexible. Will contribute to petrol costs. Contact LR2@sun.ac.za or sms LIFT and your details to 076 977 7740.

**Keep HEALTHY and FIT**

by joining Maties Athletics on Monday and Tuesday evenings from 17:15 at the cricket fields and Wednesday evenings from 17:15 at Coetzenburg Stadium, for some jogging or walking and loads of fun!

All fitness levels are most welcome and it's FREE OF CHARGE.

**For more details contact Muhamed Ally on 021 808 4694.**

**DIENSTE / SERVICES**

**EAGLE TRANSCRIPTION & TRANSLATION SERVICES:** Transcription of audio recordings, sound files (Tapes, .mp3 files), interviews, focus groups, research - English, Afrikaans and Xhosa. Call Lorraine. Tel.: (021) 761 1866. Cell: 084 812 9386. Email: eagle@iburst.co.za or lorrhein@gmail.com.

Kry die allerbeste konferensie ervaring

CONSULTUS

CONSULTUS bied 'n omvattende reeks konferensiedienste **- van konsep tot voltooing -** met die fokus op diens en aandag aan die fynste besonderhede. As u dus professionaliteit, doeltreffendheid, aandag en detail verlang, gesels met CONSULTUS.

CONSULTUS VIR KOMMERVRYE KONFERENSIES

**Kontak**: Suné van Rooyen **Tel** +27 21 938 9238 **Faks** +27 21 933 2649
**E-pos** sunevr@sun.ac.za of besoek ons webtuiste by www.consultus.co.za

Die sperdatum vir advertensies is die tweede Maandag van elke maand. Advertensies: Conita Henry, tel.: 021 808 4633 of chenry@sun.ac.za

The deadline for advertisements is the second Monday of each month. Advertisements: Conita Henry, tel.: 021 808 4633 or chenry@sun.ac.za

Book launch

# First title in STIAS series published


The first book in a series of publications on lectures presented by the Stellenbosch Institute for Advanced Study (STIAS) was launched in August.

Archbishop Emeritus Desmond Tutu was the keynote speaker at the launch of the book *The Humanist Imperative in South Africa* on Thursday, 11 August, at the Wallenberg Research Centre on campus.

The book comprises 26 multi-disciplinary essays and reflections originally presented at two symposia of the New Humanism Project held at STIAS in June 2009 and February 2010. Amongst the 28 contributing authors are leading academics and public figures, which include John de Gruchy (Editor), Neville Alexander, Russel Botman, Paul Cilliers, Hendrik Geyer, Jan-Hendrik Hofmeyr, Hans Huyssen, Antjie Krog and Njabulo Ndebele.

The essays focus on the hum-anisms that have shaped our society and its constitution, what it means to be human beings together in South Africa, and issues of economic and social justice, human dignity and rights.

Prof De Gruchy, a STIAS Fellow, said in his opening address that he hoped the collection of essays in the book would make a contribution to the wider debate in South Africa.



Prof John de Gruchy, Editor of *The Humanist Imperative in South Africa.*

Photos: Anton Jordaan



Prof Russel Botman, SU Rector, and Archbishop Emeritus Desmond Tutu chat to Professors Hendrik Geyer, Director of STIAS, and John de Gruchy, Editor of *The Humanist Imperative in South Africa*, at the launch of the book at the Wallenburg Research Centre.

STIAS is aptly referred to as "a creative space for the mind" where top researchers and intellectual leaders find innovative and sustain-able solutions to issues facing the world and, in particular, our country and Africa. It is moulded in the tradition of institutes for advanced study across the globe.


Prof Geyer, STIAS Director, said: "The STIAS series of publications are aimed at a broad public which will naturally vary with specific research themes. Straddling the academic world and the public forum of an engaging public is a challenge that STIAS accepts. We trust that each STIAS publication will reflect the "creative space for the mind" in which it is rooted, stimulate public interest and debate, and contribute to informed decision-making at various levels of our society."

In his speech at the launch Tutu describe *The Humanist Imperative in South Africa* as "crucial for our beautiful land", and said that to be human is to be in relationship.

"The essays in this book all underscore this fact. We are made for interdependence and for a relationship of 'complimentarity'. I have gifts that you don't and you have gifts that I don't. No one can ever be fully human who claims to be self-sufficient," Tutu said.

The STIAS series of publications is published by SUN MeDIA.

## Lizette Rabe skryf boek oor Rykie van Reenen




Prof Lizette Rabe, hoof van die US se Departement Joernalistiek, het pas 'n boek oor die legendariese joernalis Rykie van Reenen (1923–2003) die lig laat sien: *Rykie, 'n lewe met woorde*.

In 'n tyd toe die meeste vroue óf onderwysers óf verpleegsters geword het, het Van Reenen vir haar 'n loopbaan in die joernalistiek oopgeskryf. Sy het Suid-Afrika se eerste vroulike oorlogskorrespondent geword toe sy die Jom Kippoer-oorlog in Israel gaan dek het.

In die 1960's het sy naam gemaak as rubriekskrywer van "Van alle kante" in *Die Burger* en in die 1970's vir "Op die randakker" in *Rapport*. Die rubrieke was sulke lekker leesstof dat dit tot die volgende trappe van vergelyking aanleiding gegee het: "Ryk, ryker, Rykie".

Van Reenen se fyn waarnemingsvermoë, wydbelesenheid en kreatiewe taalgebruik het haar in 'n klas van haar eie geplaas. Sy het geskryf oor kerksake, die politiek van die dag – dikwels stroomop – en het onderhoude met talle prominente Suid-Afrikaners gevoer, van Hendrik Verwoerd tot Steve Biko.

Van Reenen word beskou in dieselfde liga as Piet Cillié en Schalk Pienaar en het 'n groot rol gespeel in die professionalisering van vroue-joernaliste. Sy het 'n eredoktorsgraad van haar alma mater, die US, ontvang.

Rabe se boek bevat detail oor Van Reenen se tyd as Matie vroeg in die 1940's. In 1999 is Media24 se sekonderingspos in die Joernalistiekdepartement na Van Reenen genoem. So leef haar naam voort onder nuwe generasies joernaliste.

Rabe het die eerste vrou geword wat as redakteur van 'n Afrikaanse publikasie by Naspers aangestel is toe sy in 1994 die leisels by *Sarie* oorgeneem het. In 2001 is sy akademie toe – as die eerste vrou aan die hoof van die US se Departement Joernalistiek.

(TAFELBERG. SAGTEBAND.
432 BLADSYE,
ISBN 9780624052975, R250.)



## *Groot eer vir Rudolf de Beer*

Dr Rudolf de Beer (foto), dosent in koordirigering en hoof van musiekop-voeding aan die US Konservatorium, is in Augustus in Suid-Amerika verkies tot die raad van die Internasionale Fede-rasie vir Koormusiek (IFCM).

De Beer was in Puerto Madryn, Argentinië, om die negende Wêreld-simposium oor Koormusiek by te woon wat driejaarliks deur die IFCM aangebied word. Saam met sy verkiesing tot die raad is hy ook aangestel as Afrika-streekskoördineerder van die Wêreldkoredag, en dien ook op die kommissie vir kommunikasie en reklame.

Die raadslede word deur die IFCM-lede verkies om die vereniging se take namens die lede te hanteer.

"Almal help met bemarking en lidmaatskap in hul streke, lande en/of kontinente, en 'n paar van ons wat aan universiteite verbonde is gaan aspekte soos akademiese publikasies, moontlike inter-universitêre ooreenkomste en sterker formele akademiese opleiding wêreldwyd hanteer," sê De Beer.

Volgens die IFCM se webblad is die orga-nisasie in 1982 op die been gebring met die doel om kommunikasie en die uitruil van idees en hulpbronne tussen koormusici van regoor die wêreld te bewerkstelling. Benewens streeks- en internasionale konferensies, bied die IFCM ook meesterklasse vir dirigente aan, en het noue bande met onder meer 'n koor-musiekdatabasis, Musica International, en die Amerikaanse webblad ChoralNet.

De Beer is sedert 2006 aan die Konserva-torium verbonde, en is ook artistieke direkteur van die akademiese koor Schola Cantorum. Hierbenewens is hy ook tans die dirigent van die Mecer Stadskoor Tygerberg, en het voorheen ook die Drakensberg Seunskoor, die Potchefstroomse Kamerkoor en die Noordwes Kinderkoor gelei.

Nadat De Beer sy studies in Potchefstroom voltooi het, het hy sy meestergraad aan die Universiteit van Oslo, Noorweë, behaal, en sy DMus as deel van 'n samewerkingstudie tussen die NMMU in Port Elizabeth en die Noor-weegse Staatsakademie vir Musiek in Oslo.

Hy tree gereeld as gasdirigent en beoorde-laar op, en is juis in Oktober in Riga, Letland, gasdirigent vir twee kore, waarna hy in November 'n beoordelaar gaan wees vir 'n in-ternasionale koorkompetisie in Maleisië, waar hy ook 'n koorwerkwinkel sal aanbied.

- Schola Cantorum tree op Woensdag 21 September om 20:00 in die Endlersaal op. De Beer en Byron-Mahieu van der Linde dirigeer die koor in werke van onder andere Mendelssohn, Rheinberger en Bach, asook die première van Roelof Temmingh se *Te Deum*. Van der Linde is die eerste meestersgraadstudent wat die nuutgestruk-tureerde kursus in koordirigering aan die US onder De Beer sal voltooi. Hierdie kon-sert sal ook as een van sy eksamens hanteer word.

## Huldeblyk aan prof Paul Cilliers

# Filosoof se werk móét voortgaan

**Prof Paul Cilliers, bekende hoogleraar in kompleksiteit en filosofie aan die US, het einde Julie gesterf – kort nadat hy aangestel is as Uitgelese Besoekende Professor in die Nagraadse Skool van die Universiteit vir Humanistiek (UvH) in Utrecht, Nederland. Die musikus HANS HUYSSEN bring hulde aan Cilliers.**

Prof Paul Cilliers se heengaan op 31 Julie is vir sy kollegas en studente, die Universiteit en die hele land se akademie 'n ontsaglike verlies. Landswyd het talle doodsberigte verskyn met huldeblyke aan die filosoof en sy unieke bydrae tot die studie van kompleksiteit; die leraar wie se uitdagings aan sy studente net deur sy aanmoedigende toewyding oortref is; die kuns-, musiek- en literatuurkenner wat sy insigte ook hier met groot passie wyd en vrugbaar kon deel; die kok (wie se skeppings ek ongelukkig nie ervaar het nie, maar waarvan baie kan getuig); en die wetenskaplike wat verfynde metodes vir interdissiplinêre navorsing ontwikkel het. Kortom, die universele mens wat werklik besig was om 'n verskil te maak.

Dié wat Paul Cilliers geken en met hom gewerk het, is deur die nuus van sy onverwagse dood geskok soos wat 'n lelike vuishou jou tref. Hy was in vele opsigte 'n sleutelfiguur en het te midde van 'n groot aantal projekte en verantwoordelikhede gestaan, waarvan die sukses tot 'n groot mate van sy entoesiastiese dog kritiese leiding sou afhang. Bo en behalwe sy professionele uitmuntendheid het sy menslikheid altyd uitgestaan. Vergaderings of gesprekke met Paul was nie net doeltreffend en vrugbaar nie, maar altyd goeie belewenisse – vriendelik, groothartig, skerpsinnig, gesellig. Dit was – soos ons nou eers werklik weet – uiters kosbare momente.

Paul se heengaan laat 'n gapende leemte in ons gemeenskap wat baie treurwerk sal verg om te verwerk. Die ander sy van die saak is egter dat hy met sy denke 'n werklik nuwe spasie geskep en gevul het, en in hierdie geval is sy heengaan 'n duidelike roeping om hierdie spasie – die veld van kompleksiteitsdenke – daadwerklik self te betree, dit verder te ondersoek en ten bate van die gemeenskap en die wetenskap te ontgin.


Inderdaad het dit sedert Paul se dood in 'n besondere mate duidelik geword hoe verrykend en verreikend sy invloed werklik was: te midde van die bedroefde skare wat sy heengaan betreur, sien ons mekaar meteens vir die eerste keer raak – almal wat voorheen hoofsaaklik op hom gefokus het omdat hy hulle op die een of ander manier geïnspireer het. En ons besef ons onderliggende samehorigheid en hoe onskatbaar ryk hy ons agterlaat.

> **Bo en behalwe sy professionele uitmuntendheid het sy menslikheid altyd uitgestaan.**

Daar is geen vraag nie: Paul se werk moet voortgesit word, hoe onbekwaam iedereen ook al in die lig van hierdie oorweldigende uitdaging voel. Dalk sou niemand dit regtig voorheen kon waag om self skouer aan die wiel te sit nie – nou moet ons. Op 'n besondere manier het Paul ook hiervoor voorsien.

In hierdie gees gaan die werk aan die Sentrum vir Studies in Kompleksiteit, wat hy saam met Jannie Hofmeyr gestig het, onverpoosd voort. Die kernaktiwiteit van hierdie navorsingsinisiatief is 'n interdissiplinêre kollokwium, nou onder leiding van Hofmeyr, waar studente, akademici en ander belangstellendes weekliks byeenkom om kerntekste in die veld van kompleksiteitstudies te analiseer en krities te bespreek.

Die studiegroep is daaraan toegewy om die visioenêre werk van Paul Cilliers voort te sit – 'n boeiende en grondverskuiwende onderneming.



Prof Paul Cilliers

- Inligting oor die kollokwia kan by Rika Preiser verkry word by rika@sun.ac.za.
- Hans Huyssen is 'n tjellis wat spesialiseer in die histories ingeligte uitvoeringspraktyk van barokmusiek. Cilliers was sy medepromotor.

## brokkies in beeld



Die Universiteitsmuseum het onlangs die eerste museumpublikasie in 'n reeks oor die museumversamelings, naamlik dié van die J du P (Canis) Scholtz-kunsversameling, in die Sasol Kunsmuseum bekend gestel. Soortgelyke publikasies oor die ander kunsversamelings, asook die keramiek-, antropologie- en kultuurgeskiedenisversamelings word in die vooruitsig gestel. Hier kyk dr Lydia de Waal en prof Jan Giliomee, die samestellers, asook mev Warnia Giliomee en prof Kieth Dietrich na die boek wat by die Museum te koop is. Skakel 021 808 3524.



Die Eenheid vir Menseregtehoofstroming (Unit for Human Rights Mainstreaming) in die Departement Politieke Wetenskap het onlangs Sertifikate van Voltooiing aan drie lede van die Wes-Kaapse Provinsiale Administrasie oorhandig. Hierdie studente het die opleidingskursus voltooi en 'n praktiese werkstuk gedoen wat regstreeks verband hou met implementering in hul departemente. Die Eenheid het deurentyd steun verleen aan die studente, wat hierdie opleiding uniek maak. Tot dusver is reeds 48 studente deur die Eenheid opgelei, en die studente wat die opleiding voltooi het, gebruik hul kennis in die implementering van Menseregtehoofstroming in hul werk. Hier is prof Amanda Gouws, mev Marie Hendricks, mnr Sam Manga, mes Lumka Godlwana, Shireen Parker en Carla Ackerman.

Foto: Justin Alberts



Die span van Alumni Verhoudinge het onlangs Nasionale Vrouedag met 'n interessante paneelbespreking, met Elsabe Daneel as die moderator, op die Nooitgedacht-wynlandgoed naby Stellenbosch gevier. Vier alumni vanuit verskillende loopbaanvelde het tydens die paneelbespreking, met die tema "Maties-vroue verpletter die glasplafon", hul uiteenlopende suksesverhale en ook hul professionele uitdagings met die gehoor gedeel. Van links is dr Nomfundu Ngwenya, prof Rachel Jafta, me Lizette Frank en dr Sherylle Calder.

Foto: Justin Alberts

**Die volgende uitgawe van *Kampusnuus* verskyn op 3 Oktober 2011**

Redakteur: Wayne Muller

Bladontwerp: Heloïse Davis

Drukwerk: SUN MeDIA Stellenbosch

Advertensies: Conita Henry, tel: 021 808 4632, e-pos: chenry@sun.ac.za

Redaksionele bydraes aan: Die Redakteur, Admin B-gebou, tel.: 021 808 2927, faks: 021 808 3800, e-pos: kampusnuus@sun.ac.za of wmuller@sun.ac.za

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY